YOLINDA THOMAS

Na ‘n onstuimige huwelik van meer as 14 jaar waar baie mishandeling plaasgevind het in al drie fasette, het ek en my kind uiteindelik die huis verlaat in Augustus 2004. Dit was nie ‘n maklike besluit om uit te stap maar vir die behoud van myself en my kind het ek geglo dat ek die regte ding doen. Nie vir ‘n oomblik het dit by my opgekom dat hierdie net die begin sou wees van jarelange stryd om te skei en ‘n nuwe lewe te begin.

My eks het geweier om te skei en gedreig om met my getroud te bly solank as wat hy lewe as ek nie volle toesig en beheer aan hom gee oor ons kind. Ek het toe ingestem op voorwaarde dat ek en my kind nie probleme gaan ondervind vanaf sy kant om mekaar te sien nie. Die ander voorwaarde was dat dit gedeelde toesig en beheer moet wees. Ek het geglo dat ons albei net in die belang van ons kind sal optree om dit vir ons kind makliker te maak. Sonder enige rusies en soos deur ons albei ooreengekom in ons Hofbevel. Dit het nie gebeur.

Eerstens is ek onder die indruk gebring dat die volgende in elke skei dokument teenwoordig moet wees anders word die egskeidings bevel nie in die Hooggeregshof aanvaar nie.

Deur ter enige redelike tyd kontak met die kind te hê, welke kontak vooraf met die Eiser gereël moet word en op voorwaarde dat sodanige kontak nie inmeng met die kind se skool, godsdienstige, sport, kultuur, buitemuurse of sosiale aktiwiteite nie.

Wanneer ek nou hierdie paragraaf lees besef ek hoe regslui ons as ouer kan mislei en gebruik tot hul eie voordeel. Hierdie paragraaf het veroorsaak dat ek as geteikende ouer en my kind geen kans gehad het om met mekaar kontak te maak nie. Verder is daar nie deur die Regter daarop aangedring dat daar wel ‘n Ouerskaps plan ingesluit moet wees alvorens die ouers skei. Dit is een van die grootste foute wat ek kon gemaak het. Ek het aanvaar dat my eks ook volwasse sou optree om in die belang van ons kind op te tree sonder ‘n Ouerskap plan.

Telkemale het ek voor dooiemansdeur gekom wanneer dit my naweek was wat my kind na my kon kom. (wel vooraf gereël met eks en na albei partye se prokureurs gestuur). Vakansies was ‘n riller. Prokureurs het my heeltyd ingelig dat die eks tesame met sy nuwe vrou reeds ‘n jaar terug hul vakansies bespreek het en dit die wil van my kind is om saam met hulle te gaan. Ongeag wat in die Hofbevel staan.

Ongeag wat ek probeer doen het was ek nie opgewasse teen die prokureurs, Adjunk Regter, sielkundiges en maatskaplike werkers om my kind te help nie.

Om alles te kroon het my eks tesame met die nuwe vrou seker gemaak dat die skoolhoof, ontvangsdames en onderwysers ordentlik ingelig is dat my kind my nie wil sien.

Daarom het ek toe besluit om myself op te lei en kennis in te win met wat eintlik aan die gebeur is. Ek het aanhou soek totdat ek die waarheid ontdek het. In die soeke na die waarheid het ek besef dat ek met 'n Narsis/Sosiopaat getroud was.

Sewe jaar se navorsing het my baie geleer en ek het uiteindelik 'n jaar gelede op "Conscious Co-Parenting Institute" van Dorcy Pruter afgekom. http://www.consciouscoparentinginstitute.com/

Haar webblad met al die inligting rakende Ouervervreemding het die deure vir my oop gemaak. Ek staan nie meer alleen. Hier is 'n ouer wat Ouervervreemding in alle fasette ervaar het. As 'n kind deur haar Ma van haar Pa vervreeem en daarna tydens haar egskeiding. Haar eks het ook probeer om hul kinders van haar te vervreem.

Dorcy Pruter se Instituut bestaan alreeds 10 (tien) jaar en in hierdie 10 (tien) jaar het sy baie ouers en kinders herenig met haar program. Sy is die enigste persoon wat ek kon opsoek wat sukses behaal het en nog steeds behaal. So by so dat Dr C A Childress 'n kliniese sielkundige haar nou ondersteun in alle fasette. http://www.consciouscoparentinginstitute.com/ Hy is ook besig met nog verdere navorsing oor die patalogiese ontwikkeling van die kind wat ondermyn word deur regslui, sielkundiges en maatskaplike werkers. Hierdie persone laat nie toe dat die kind 'n normale ontwikkeling tydens hul opgroei jare ervaar. Daar is heeltyd inmenging om die kind te laat kies tussen hul ouers.

Hierdie word gestaaf deur my kind nadat ek weer kontak met hom gemaak het en hy aan my oorgedra het dat sielkundiges nie luister wat hy te sê gehad het en hoe hy voel nie. Hulle gee net nie om.

Met die afsterwe van my Pa het ek net weereens besef hoe kort ons lewe is. As jy nie in hierdie persoon se lewe is of was het jy soveel verloor van jouself as mens. Kinders het die helfte van albei ouers se DNA en dit maak van jou 'n Mens. Kinders het albei ouers nodig in hul lewe om gesond te kan ontwikkel tot volwassenes.

Om weer met my Broer en skoonsus te kon praat sonder om die gevoel te hê dat jy verwerp word was een van die beste dae in my lewe. Ongelukkig het dit eers gebeur met die afsterwe van ons Pa. Dit was goed om uiteindelik die waarheid te hoor dat hulle jou graag wou sien maar verhinder is deur jou eks. Daarenteen is ek altyd ingelig dat my familie nie by ons wou kom kuier omdat ons te vêr bly.

My eks het ook probeer om my ouers van my te vervreem deurdat hy aan ons kind gesê het om my te laat verstaan dat my Ma aan hom meegedeel het dat dit sy skuld was dat ons as ouers geskei het. Gelukkig was ek op daardie stadium reeds gesond en het geweet dat ons kind gebruik word en Emosioneel mishandel word.

Hieruit het ek ook geleer hoe erg enige mens Emosioneel Mishandel kan word. Meeste van die tyd te laat. Ek het besef dat dit die grootste rede is waarom mense Selfmoord pleeg, verslaaf raak aan pornografie, dwelmmisbruik, swak ontwikkeling van die individue om met ander mense te sosialiseer en kinders wat nie in hul volwasse lewe kan aanpas nie.